Algemene Jaarvergadering en Verkiesing van Gamtoos Water Gebruikersvereniging

17 Oktober 2024 / 17 October 2024

*Annual General meeting and election of Gamtoos Water User Association*

Gehou / *Place*: GBR Konferensiesentrum / *GIB Conference venue*
Tyd / *Time*: 18h30

## 1. Opening en Verwelkoming / *Opening and Welcome*

Die vergadering word deur Ds Ferreira met gebed en skriflesing geopen. Die Voorsitter heet almal welkom. 'n Spesiale woord van welkom word gerig aan:

- Mnr J Barnard van die oudit firma: Moore,
- Andries en Maritsa de Ridder, Jacqueline Liebenberg en Grewar Oosthuizen van Eerste Nationale Bank,
- Christiaan Immelman en Kaap Agri,
- Lulethu van Eastern Cape Parks and Tourism Agency,
- Vuli en Gili van die Departement van Landbou,
- Nosipho van die Gevangenisdiens,
- die MANCO, Watergebruikers en GBR personeel.

*The meeting is opened by Ds Ferreira with prayer and scripture. The Chairperson welcomes all. A special word of welcome to:*

- *Mr J Barnard from the auditing firm: Moore,*
- *Andries and Maritsa de Ridder, Jacqueline Liebenberg and Grewar Oosthuizen from First National Bank,*
- *Christiaan Immelman from Kaap Agri,*
- *Lulethu from Eastern Cape Parks and Tourism Agency,*
- *Vuli en Gili from Department of Agriculture,*
- *Nosipho from Correctional Services,*
- *MANCO members, water users and personnel.*

## 2. Verskonings / *Apologies*:

Die volgende watergebruikers het verskoning gemaak:
*The following water users have apologised:*
Charles de Kock from Kouga Municipality, Manus Meyer, Mzwayi Grootboom, Waldo Kleyn.

Die teenwoordigheidslys word deur 61 mense onderteken. *The attendance list was signed by 61 people.*

## 3. Addisionele punte / *Additional matters*:

- Niks om by te voeg. / *Nothing to add*.

## *4.* Goedkeuring van Notule gedateer 17 Oktober 2023/ *Approval of Minutes dated 17 October 2023*

Die notule word deur die vergadering goedgekeur.

*The minutes were approved by the meeting.*

## *5. Jaarverslag van die Hoofbestuurder / Annual Report of CEO*

Mev Colesky noem die volgende oor die afgelope waterjaar:

*Mrs Colesky mentions the following about the past water year:*

- Landbouverbruikers is met 15% beperk vir die 2023/2024 waterjaar en die volle landbou toekenning gekry vir die 2024/2025 waterjaar.
- Besproeiers het op 30 September 2024 68.58% van die 90.4% toegelate waterkwota gebruik,
- Totale verliese van 13% (2024) en 13.6% (2023) is aangeteken tot einde Junie,
- Die Kougadam was op 30 Junie 2023 15.37% vol en 30 Junie 2024 100.31%.
- Die opvangsgebied heffing beloop R266.40 per ingelyste hektaar.
- Die waardeverminderings belasting beloop R395.20 per ingelyste hektaar.
- Totale belasting vir die finansiele jaar 2024/2025 is R5 228.32.00(volkwota) dit verteenwoordig 'n 12% verhoging.

- *Agricultural users have been restricted with 15% of their quota for the 2023/2024 water year and the full agricultural allocation was allocated for the 2024/2025 water year.*
- *On the 30th of September 2024 water users used 68.58% of the 90.4% water allocation.*
- *Total losses of 13% (2024) and 13.6% (2023) were recorded until the end of June 2024.*
- *Kouga dam had 15.37% of water on the 30th of June 2023 and 100.31% on the 30th June 2024.*
- *The Catchment management charge is R266.40 per enlisted hectare.*
- *The Consumptive charge is R395.20 per enlisted hectare.*
- *The total basic tax for the financial year 2024/2025 is R5 228.32 (100% of the quota). An increase in tariffs of 12% were made.*

- Water beperkings vir 2023/2024 / *Water restrictions for 2023/2024*

  Mev Colesky noem dat landbouverbruikers met 15% beperk was. Kouga Munisipaliteit is met 5% beperk en die Nelson Mandela Metro is met 5% uit die Kouga-Loerie sisteem beperk.

  *Mrs Colesky mentions that agricultural users are restricted with 15%. Kouga Municipality has been restricted with 5% and Nelson Mandela Bay Municipality with 5% out of the Kouga-Loerie subsystem.*

- Onderhoud op die skema / *Maintenance on the scheme*

  Tydens die 2023/2024 droeë periode is onderhoudswerk op die hele skema insluitend alle takkanale gedoen.

  *During the 2023/2024 dry period the entire system, including the branch canals were repaired and maintained. This includes:*

In breër terme is die volgende gedoen:

- Die nodige skoonmaak en herstelwerk is op die hoofkanaal gedoen met 'n spesifieke fokus om die laer deel van die skema in Loerie op te gradeer.
- D-kanaal is skoongemaak en herstel en daar is spesifiek klem gelê op areas waar die kanaalwand porieus was.
- Seunie sluis is op die D-kanaal vervang. Hierdie sluis is die eerste keer sedert die skema ingebruik geneem is, vervang. Twee "knifegates" is vervang op die C en D verdeling.
- Die opgraderingswerk op B-kanaal is voltooi. Die kanaal is skoongemaak, herstel en geverf.
- K-kanaal is skoongemaak en herstel.

- Daar is vir die eerste keer 'n spesifieke droeë periode op G-kanaal gehou.  Hierdie kanaal is skoongemaak, herstel en 'n aansienlike deel daarvan is geverf.
-

Meer spesifiek is die volgende gedoen:

- Kouga Dam Siphon - Merwe Du Preez Siphon and the covered canal that link the two siphons (A1): Dewater, clean and inspect.
- Andrew Prins Siphon (A1): Dewater, clean and inspect.
- Main Canal Special maintenance on A94-95 in Loerie (900m):
- General maintenance on entire Main Canal:
    - Empty and clean.
    - Repairs with bitu-putty and multi seal.
    - Concrete repairs done on selected areas.
- Modify of humps: Inlet to Scheepers Dam Siphon, 94, 102 and 104: The humps has been be saw-cut open in the centre and fitted with a hump sluice gate.
- The two sluice gates that divert or controls water supply to the C and D canals has been be replaced with manual knife gates.
- Special maintenance done on B, D, G canals.
- General maintenance done on other branch canals.

Die volgende is noemenswaardig van 2024 droeë periode:

- Daar is met 20 kontrakteurs gewerk, elk met 10 werknemer.
- Eerste hulp en Veiligheid,  Gesondheidsopleiding sowel as Beperkte spasie (Confinded space) is aan hierdie werkers gegee.  Hierdie is 'n belangrike meganisme waardeer kennis terug geploeg word in ons gemeenskappe.
-

Die volgende vind daagliks plaas op die skema:

- Die beheer van plantegroei en onkruid langs die kanaalstelsel.  Dit maak 'n beduidende verskil tydens die intensiewe droeë periodes.
- Droeë land rehabilitasie op verskeie plekke op die skema.
- Onderhoud van ons stelsel en die regmaak van daaglikse lekke en breuke.
- Die bestuur van ons watervoorraad.  Die voorsiening aan die laer deel van ons skema bewys om 'n uitdaging te wees.  Daar is aansienlik meer spilpunte as voorheen, wat beteken dat groot volumes water gedurende korter tye in die jaar benodig word.  Verskeie dieptevlakte meters is gedurende die jaar geinstaleer om die situasie te bestuur.  Die Loerie area het verander in 'n wateraanvraagsisteem.
- Die kwaliteit van die water in die opvanggebied, die Gamtoos vlakte en Kabeljous word elke drie maande gemeet en gerapporteer aan verskeie platvorms.

*In broader terms, the following was done:*

- *The necessary cleaning and repairs were done on the main canal with a specific focus being to upgrade the lower part of the scheme in Loerie.*
- *D-canal was cleaned and repaired with specific emphasis on areas where the canal wall was porous.*
- *Seunie, the automatic sluice, was replaced on D-canal. This sluice was replaced for the first time since the scheme was commissioned. Two knifegates were replaced on the C and D sections.*
- *The upgrade work on B-canal was completed. The canal was cleaned, repaired and painted.*

- *K-canal was cleaned and repaired.*
- *For the first time, a specific dry period was allocated to G-canal. This canal was cleaned and repaired, and a significant portion of it was painted.*

*More specifically, the following was done:*

- *Kouga Dam Siphon - Merwe du Preez Siphon and the covered canal that link the two siphons (A1): Dewatered, cleaned and inspected.*
- *Andrew Prins Siphon (A1): Dewatered, cleaned and inspected.*
- *Main Canal special maintenance on A94-95 in Loerie (900m).*
- *General maintenance on the entire Main Canal:*
    - *Emptied and cleaned.*
    - *Repairs with bitu-putty and multi seal.*
    - *Concrete repairs done on selected areas.*
- *Modification of humps: Inlet to Scheepers Dam Siphon, 94, 102 and 104: The humps were sawn open in the centre and fitted with a hump sluice gate.*
- *The two sluice gates that divert or control water supply to the C and D canals were replaced with manual knife gates.*
- *Special maintenance was done on B, D, G canals.*
- *General maintenance was done on other branch canals.*

***Note:*** *Where reference is made to 'Special Maintenance' below it entails the following:*

- *High pressure washing of the entire canal, all cracks and joints.*
- *Cleaning out of all cracks and joints with a compressor.*
- *Repair of cracks and joints with bitu-putty and bitu-plastic.*
- *Concrete repairs done where necessary (large holes or holes that travel through the concrete slab.)*
- *Hairline cracks are sealed with Flintkote (a bituminous sealant).*
- *Painting of the entire canal section with Flintkote (first layer diluted 50/50 with water, second and third layers are full coats).*

*The following is noteworthy for the dry periods of 2024:*

- *Work was done with 20 contractors, each with 10 employees.*
- *The workers received first aid and safety training, health education and confined space training. This is an important mechanism by means of which knowledge is ploughed back into our communities.*

*The following occurs on a daily basis on the scheme:*

- *Control of vegetation and weeds along the canal system. This makes a significant difference during the intensive dry periods.*
- *Dry land rehabilitation in various places on the scheme.*
- *Maintenance of the system and the daily repair of leaks and breaks.*
- *Management of our water supply. Provision of water to the lower areas of our scheme has proven to be a challenge. There are significantly more pivot systems than previously, which means that large volumes of water are required during shorter periods of the year. Various depth level gauges were installed during the year to manage this situation. The Loerie area has turned into a water demand system.*

- *The quality of the water in the catchment area, the Gamtoos plain and Kabeljous is measured every three months and reported on various platforms.*

- Tegnologie, Programme en Toepassings / *Technology, Programs and Apps*

  Mev Colesky noem dat die genoegsame lewering van water aan die Loerie besproeiers'n al hoe groter uitdaging word. Verskeie tegnologiese moontlikhede word gebruik om hierdie uitdagings te handteer. Optimale funksionering van die skema sal ook al hoe meer afhang van die integrasie van hierdie tegnologiese moontlikhede. Tans word die Water Bestuurs Program, 'n water bestel toep en die Zednet platvorm vir die doel gebruik.

  *Mrs Colesky mentions that the optimal delivery of water to the lower part of the scheme is more and more dependent on technological solutions. The future of the optimal functioning of the scheme is also more and more dependent on technological solutions. For this purpose three solutions are used: the Water Management Programme, a water demand app and the Zednet platform*.

- Pad Onderhoud / *Road Maintenance*

  Mev Colesky noem dat Gamtoos Water in terme van 'n ooreenkoms met die Departement van Paaie die teerpad van Hankey tot waar die teer voor die Baviaanskloof eindig, onderhou. 'n Paar van die kleiner paaie vorm ook deel van hierdie werke.

  *Mrs Colesky mentions that in terms of an agreement Gamtoos Water is maintaining the tar road from Hankey to where it ends before the Baviaanskloof. Gamtoos Water also maintaining a few smaller tar roads.*

- Waterkwaliteit / *Water Quality*

  Mev Colesky noem dat Gamtoos Water 'n gestruktureerde water kwaliteits moniteringsprogram implementeer. 'n Totaal van 23 water monsters word elke drie maande geneem in die opvangebied, die Gamtoos opvanggebied sowel as die Kabeljous opvangebied. Een van die gevolge van hierdie program was 'n informele ooreenkoms met Koukamma munisipaliteit om die munisipaliteit by te staan met die onderhoud van die rouwater rioolwerke. Die doel is om seker te maak dat daar minimale besoedeling deur rioolwerke in die opvangebied waterbronne plaasvind, en sodoende te verhoed dat Kouga dam besoedel word.

  *Mrs Colesky mentioned that Gamtoos Water has implemented a structured water quality programme. A total of 23 water quality samples are taken every three months in the catchment, the Gamtoos Basin as well as in the Kabeljous basin. Following from the outcome of these samples, an informal agreement has been reached with Koukamma municipality to assist with the maintenance of their waste water treatment plants (WWTW). Gamtoos Water aims to ensure that minimal sewerage spills occur from the WWTP in order to guarantee uncontaminated water flowing into Kouga dam.*

## 6. Finansiële State 2023/2024 en watertariewe 2024/2025 / *Financial statements 2023/2024 and water tariffs 2024/2025*

Mnr Barnard bespreek die finansiele state.

- Totale uitgawes / *Total expenditure*:
  2023/2024 R44 283 242
- Totale inkomste / *Total income*:
  2023/2024 R43 496 324
- Kortval / *Shortfall*: R 786 916

Dit is nodig om kennis te neem, dat geboue gebou is deur die Raad op grond wat nie aan die Raad behoort nie.

*It is important to take note that buildings are built on land which does not belong to the Board.*

| | | | |
|---|---|---|---|
| Debiteure 90 tot 120 dae: | 31.53% | Vorige jaar: | 49.77% |
| Huidig tot 90 dae: | 68.47% | | |
| *Debtors 90 to 120 days* | *31.53%* | *Previous year:* | *49.77%* |
| *Current to 90 days:* | *68.47%* | | |

Totale waterbelasting vir die finansiele jaar 2024/2025 is R5 228.32 (volkwota) dit verteenwoordig 'n 12% verhoging.

*The total basic tax for the financial year 2024/2025 is R5 228.32 (100% of the quota). It represents an increase in tariffs of 12%.*

## 7. Goedkeuring van Finansiële state/*Approval of financial statements*

Die finansiële state en watertariewe word deur die vergadering goedgekeur.
Watertariewe word soos volg goedgekeur:

- R4 940 per ingelyste hektaar (80% van kwota)
- R5 228 per ingelyste hektaar (volkwota)

*The financial statements and water tariffs are approved by the meeting.*
*Water tariffs read as follows:*

- *R4 940 per enlisted hectare (80% of quota)*
- *R5 228 per enlisted hectare (full quota)*

## 8. Addisionele punte / Additional matters:

### a) Geohidrologiese studie / Geohydrological study:

Mev Colesky noem dat die Geohidrologiese studie voltooi is. Die Departement het bepaal dat voornemende grondwatergebruikers aansoek moet doen vir individuele lisensies.

*Mrs Colesky mentions that the Geohydrological study has been completed. The Department has determined that prospective groundwater users should apply individually for licences.*

### a) Waterbeskikbaarheidstudie / *Water availability study*

Mev Colesky noem dat die hidrologie van Kouga dam gedurende die afgelope drie jaar opdateer is. Die studie het bevind dat die opbrengs van Kouga dam gemiddeld 15% minder is as wat daar gedurende die

studie in 2004 gevind is. Dit kan verduidelik word deurdat die data wat gedurende die vorige studie gebruik is, baie minder gedetaileerd was.

*Mrs Colesky mentions that the hydrology of Kouga dam has been updated during the past 3 years. The study found that the yield of the dam is on average 15% less than originally found during the 2004 study. It can be explained that there was much less data available during the 2004 study.*

## 9. Verkiesing van Raadslede / *Election of Board Members*

Geen verkiesing van MANCO lede het nie plaasgevind nie.

*No election of MANCO memebers has taken place.*

Die vergadering sluit om 20h00. *The meeting closes at 20h00.*

Goedgekeur en geteken te Patensie op die 18de September 2025.
*Approved and signed at Patensie on the 18th September 2025.*

*Voorsitter/ Chairperson*
*Gamtoos Water/ Gamtoos Water*